DIE OLIELAMP

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

KLIP IN DIE BOSGRES

Het jy al ooit gewonder wat die invloed is van ‘n kongres op die gemeenskap van die heiliges? Nee, nie daardie invloed waaraan jy direk dink nie. Iets anders….iets wat effens buite die veld van jou normale gedagtes val? Maar iets wat tog 100% verband hou met die kongres en die gemeenskap van die heiliges…?

Met die opening van die jeugverenigings 2000 in Pretoria het oom Kees Roose ‘n baie goeie inleiding gelewer oor voorstudie doen, die nut van vereniging, die rol van die voorsitter, en nog ander aspekte. Wat goed na vore gekom het, was die vraag wat ons onsself moet afvra as ons nadink oor al hierdie dinge: “Wat is die doel van dit alles?”

Wat is die doel van vereniging? Drie punte wat na vore gekom het was:
- Om Bybelkennis te versamel *met die uiteindelike doel*: ***die bewaring van Christus se kerk***, om die Koninkryk van die hemele op aarde te bevorder. Hierdie is kennis wat ons aktiveer om volgens Gods wil te lewe en sy Koninkryk op aarde te bevorder. (Ef. 6 : 10vv).
- Om mekaar te aktiveer en te help om die Bybel te bestudeer. In ons moderne tyd van individualisme is dit ‘n belangrike christelike beginsel dat ons as gelowiges ***saamwerk en mekaar ondersteun***. (Rom. 12 : 4,5; 1 Kor. 12 : 18 - 21, en Ef. 4 : 11vv, 16).
- Om mekaar te aktiveer in die ***praktiese toepassing van hierdie kennis*** (Matt 5 : 13 - 16). **Vereniging stop dus nie altyd by die einde van die bespreking nie!!**

Iets meer oor die laaste punt hierbo. Op vereniging word besprekings gehou oor die Bybelgedeelte, en gewoonlik kom mens ook by die praktiese sy daarvan uit. Hoe raak hierdie gedeelte ons in ons elke-dag-se-lewe? Hoe kan mens die onderwerp in die gedeelte toepas? Wat kan mens daaromtrent gaan doen? Altyd wel genoeg antwoorde. Maar…*help ons nog mekaar* om, waar dit kan, hierdie dinge werklik *konkreet toe te pas*? As daar besprekings is oor ons verantwoordelikheid teenoor ons naaste, maak ons dan ‘n ‘projek’ daarvan om bv. die siekes of bejaardes in die gemeente te kan opsoek?

Is dit dan nie meesal so dat geldinsamelings en reelings vir die kongres ongemerk voorrang geniet nie? Dat ons sê: “Nee, maar ons moet nog sus en soveel geld insamel vir kongres, anders moet ons te duur betaal.” Of: “Kongres is die belangrikste gebeurtenis van die jaar, ons moet alles daarvoor insit.”

Word ons nie dalk teveel deur kongres en geldinsamelings opgeslurp nie? Ons werk letterlik ons se dingesse af vir ***5 dae van kongres*** aan die einde van ***die jaar van 365 dae*** (!), terwyl die siekes en bejaardes deur die jaar geen enkele besoek van die jongmense kry nie. Onthou die doel van vereniging: Om Bybelkennis te versamel *met die uiteindelike doel*: ***die bewaring van Christus se kerk!***

Namens Pretoria redaksie,
Dirk

INHOUD

Uit die Woord
Het ons stom geword? 2
Met die krag van God die nuwejaar in 3
"Maar spreek jy wat by die gesonde leer pas" 3
Oppad
Om te fliek of nie te fliek nie… 4
Titanic or Satanic 6
Hoogmoed 8
Kinders van Godin die nuwe millenium 8
Voel jy ook so?
Liefde 10
Nuwejaarsvoornemens 11
Sosiale verantwoordelikhede 12
Reaksie
Tipies - Brandmerk 14
Sosiaal
Rehobot 15
Aan die voet van die Magaliesberg 16
Sien die wêreld nuut, telkens weer 18

HET ONS STOM GEWORD?

Margreet Moes

Ps. 75:10
"Maar ék sal vir ewig verkondig - ek wil psalmsing tot eer van die God van Jakob."

Ps. 147:1
"Loof die Here, want dit is goed om onse God te besing, ja lieflik; 'n loflied is gepas!

Ps. 150:6
"Laat alles wat asem het, die Here loof! Halleluja!

Hebr. 13:15
"Laat ons dan gedurig deur Hom aan God 'n lofoffer bring, dit is die vrug van die lippe wat sy Naam bely."

Redaksies:

Pretoria:
Redakteur: Dirk Boon (dboon@csg.pwv.gov.za)
Sekretaresse: Karina Smit & Annet Lubbinge
Penningmeester: Rinus Kamphuis
Lid: Arjan van Houwelingen

Maranata:
Redakteur: Hein Smit (hein.smit@bmw.co.za)
Sekretaresse: Annemarie de Vente
Penningmeesteresse: Cora Visser
Lede: Margreet Bron, Frans Hagg

Kaapstad:
Redaktrise: Mirjam Raimond (mraimond@adept.co.za)
Artikelversorging: Maartje Eefting &
Christine van der Linden
Sekretaresse: Margreet Moes
Finansies: Jaco Haak

Kontakpersone:
Johannesburg: Wolter Bijker (wolter@global.co.za)
Bethal: Leclue Nienaber

Uitleg:
Gerhard Bijker (gerh@rd.co.za)

Ons hoop om *Die Olielamp* 10 keer per jaar uit te gee. Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende internet adres:
http://www.vgk.org.za/olielamp/

Koste: R35.00 per jaar

Kol. 3:16
"Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid. Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en **sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here**."

Klink hierdie tekste nie 'n bietjie té optimisties nie? Is iemand nog so uitbundig bly oor die Here?

Die lewe loop maar baie dikwels onaangename draaie met ons wat ons nie verstaan nie. Die wêreld het ook niks paradysliks meer in nie. Is 'n loflied nog gepas? Moet ons nie liewer almal huil nie?

Ons gebede is vol van "assebliefs" en dikwels opstandige vrae. Al wat ons nog kan bid is of God die lewe nie 'n bietjie draagliker kan maak nie. Waarvoor kan ons God loof? Hierdie vraag kan 'n bietjie van ons vrye tyd in beslag neem, maar is ons vrye tyd nie ook aan God gewy nie? Kyk terug na jou lewe. Dikwels leer ons iets as ons terug kyk na die verlede. Het daar nie iets gebeur waarvan jy kan sê God het dit so gelei nie?

Kyk ook na die gawes in die gemeente: gasvryheid, vriendelikheid, liefde, mededeelsaamheid, vergewingsgesindheid, ondersteuning, belangstelling, ens. Is ons nie almal bang vir eensaamheid nie, en kyk hoe word ons in 'n kudde geplaas.

Dit is seker die grootste rede tot blydskap: ons is die hoopvolle, wagtende bruid van Christus. Laat ons uiting gee aan hierdie vreugde, en is sang nie 'n wonderlike middel nie? Ons moenie die krag daarvan onderskat nie! Dit is 'n groot inspirasie om God saam te dien. Kom ons doen soos Psalm 150 sê!

MET DIE KRAG VAN GOD DIE NUWEJAAR IN

Adriaan Aartsma

Die nuwejaar is hier en alles lyk tot dusver nog Y2**OK.** Almal gaan weer met nuwe klas en werk toe, vol met goeie voornemens en mooi ideale. Die een wil dalk meer onderskeidings kry en ‘n ander wil in hierdie jaar ‘n kar koop of Holland toe gaan. Die nuwe jaar beteken ook weer ‘n nuwe begin met bybelstudievereniging en katkisasie en ons is weer reg om baie nuwe dinge te leer.

Maar gaan dit aan die einde van die jaar nog so wees? Gaan ons nie maar weer moeg word vir klasloop, werk en verenigings nie? En wat van kerk toe gaan, twee keer elke Sondag? As ons eerlik is weet ons nou al dat die kans baie groot is dat dit sal gebeur.

Ons het op hierdie gebied ‘n groot voorbeeld in Christus wat sy hele lewe op aarde voluit tot eer van God geleef het, en , al het Hy altyddeur gely, het Hy tog tot die einde toe bly volhard. Daarop wys Paulus ons in Hebreërs 12:2-3 waar hy sê : “ … ***die oog gevestig op die Leidsman en Voleinder van die geloof****, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van God gaan sit het. Want julle moet ag gee op Hom wat so ‘n teëspraak van die sondaars teen Hom verdra het,* ***sodat julle in jul siele nie vermoeid word of verslap nie.”***

Met hierdie woorde leer Paulus ons ook dat ons juis krag kry om te volhard (ook in troue kerkbesoek) deur gereeld kerk toe tegaan en bybelstudievereenigings by te woon. Deur hierdie hulpmiddels en deur te bid en ons Bybel te lees gee God ons krag om te volhard in die geloof en ook in ons daaglikse werk, wat maklik vervelig of frustrerend kan word. Hoe meer ons dus vir God leef, hoe meer sal Hy ons die krag gee om ook ons wedloop te voltooi. Ook op gebied van ons aardse werk, wat sonder Hom ydelheid is. Soos Ps. 127 : 2 ons ook leer: *“Tevergeefs dat julle vroeg opstaan, laat opbly, brood van smarte eet – net so goed gee Hy dit sy beminde in die slaap”*

"MAAR SPREEK JY WAT BY DIE GESONDE LEER PAS" - TITUS 2:1

uit: Dagboek 1993

God gee ons sy seën van genade en vrede, wanneer ons ons hou aan die gesonde leer. Aan die leer van die Heilige Skrif, aan die woorde van ons God. Titus ontvang die bevel om aan die geopenbaarde Woord van God vas te hou, kortom hou jou by alles wat in die Woord van God geskryf staan.

Ons wil ‘n geseënde jaar uit God se hand beleef en mee maak, uit God se liefde elke dag lewe en daarom moet ons sy Woord eerbiedig en gehoorsaam. Die Israeliete het alreeds God se seën jare terug ontvang. Dit was ‘n seën van die Allerhoogste. ‘n Seën oor hul dade. Sy Goddelike almag spreek en dit is daar. Sy wil gebied en dit gebeur. Die Here het dit alreeds teen Israel gespreek as sy volk. Hy seën slegs elke lewende lid van sy volk, sy gehoorsame kinders. Ook ons ontvang die seën van God wanneer ons lewende lidmate van Christus se gemeente is. God lê sy seën op sy volk. Op almal wat die hand van God in Jesus Christus deur geloof en bekering vas hou. Die seën van God is ook in hierdie jaar en hierdie dag onmisbaar. Daarom klink dit uit sy mond soos volg : “My seën van genade en vrede vir julle as skape (ook vir jou) van My kudde, wat die stem van die Herder hoor, daarna luister en dit ook na volg “ .

Dit is die gesonde leer :
“ God laat die sondaars van sy skuld vergewende genade geniet . Hy vervul ons met vrede, wat met ons bly en ons selfs in die dood nie verlaat nie . Ons as lede van Christus se gemeente mag hoor en weet dat die Here ons as lede in sy gemeente bymekaar bring om die uitsig op die ewige vrederyk te gee. Hy vergader ons tot ons ewige heil. En ons -geroepe sondaars - moet Hom in sy goedheid erken, eer en dank . Ons moet *gewillig* en gehoorsaam lewe in sy diens, na die gesonde leer van die Woord. "

Vertaal uit Dagboek 1993 deur Johan de Vente.

OM TE FLIEK OF NIE TE FLIEK NIE…

(vertaalde artikel van Ds. Poppe in Australië)

- "Dis goeie ontspanning om te fliek"
- " 'n Mens kry soms daardie adrenalien gevoel as jy fliek"
- " 'n Mens kan jou totaal en al in die storie inleef in die fliek, wat nie by boeke moontlik is nie"
- " 'n Fliek is nie werklikheid nie, dis net 'n storie, en kan dus geen kwaad doen nie"

Die vraag of Christene by die bioskoop tuishoort is al vir baie jare 'n veelbesproke onderwerp in ons kringe. Sommige mense sien geen probleem daarmee om flieks te kyk nie, en vir hulle het dit reeds 'n algemene praktyk in hul lewens geword. Die gevolg hiervan is dat baie jongmense weinig leiding in hierdie saak kry. Vir talle jongmense het fliek kyk 'n norm geword, en as ouers met besware hier teen kom, wil die jongmense weet, "Hoekom nie? Wat's fout daarmee?"



Die kerk se tradisionele standpunt is dat dit verkeerd is vir Christene om flieks te kyk. Die argument wat gebruik word om dit te motiveer is dat ons *in hierdie wêreld is, maar nie van hierdie wêreld nie.* Die Bybel word aangehaal om hierdie argument te ondersteun. Een skrifgedeelte waarna dikwels verwys word, is Genesis 3:15, waar die HERE sê dat Hy vyandskap sal stel tussen die slang en die vrou, tussen die kinders van die satan, en die kinders van God. 'n Ander gedeelte is 1 Petrus 2:11-12, waar die apostel sê: "Geliefdes, ek vermaan julle as bywoners en vreemdelinge om julle te onthou van vleeslike begeertes wat stryd voer teen die siel; en hou julle lewenswandel onder die heidene skoon…" Op grond van sulke tekste is jongmense verbied om films te kyk – punt uit en klaar.

Dis goed dat stemme in die gemeenskap ons soms herinner hoe ons as Christene steeds 'n teenstelling moet vorm met die wêreld. Ek glo dat die tekste wat hierbo genoem is, beslis van toepassing is op die vraag of Christene flieks mag kyk of nie. Waarmee ek egter 'n probleem het, is dat vir sommige die hele vraag of mens mag fliek of nie, eenvoudig eindig by die aanhaling van hierdie gedeeltes. Hulle bied byna geen verduideliking oor die redes hoe en waarom fliek in stryd met die Woord van God is. En so leer julle as jeug dat julle ouers en ander in gesagsposisies gekant is teen flieks, maar nie waarom hulle daarteen is nie.

As ek reg verstaan, het ons kerke in die laaste generasies ook gesukkel met nog 'n soortgelyke probleem. Die kwessie van televisiebesit. Argumente gebaseer op die antitese tussen ons en die wêreld is gebruik om mense te ontmoedig om TV te kyk. Dis gesê dat dit verkeerd is om 'n TV te besit, maar 'n rede hoekom dit verkeerd sou wees, is meestal nie verskaf nie. Ek glo dat dit een van die redes is dat die invloed van televisie so sterk is in ons kringe vandag. Nie net ongeveer ¾ van ons gesinne besit televisies nie, maar uit die manier hoe kinders deesdae praat, is dit duidelik dat talle van hulle te veel tyd voor die kassie deurbring.

'n Ondersoek wat gehou is onder die jeug van 3 van ons gemeentes, het aangedui dat fliek 'n alledaagse verskynsel is. Of ouers en gesaghouers daarvan hou of nie, dit gebeur. Dit wil voorkom dat die tradisionele argumente oor hoe ons as Christene die antitese teen die wêreld moet wees, nie jongmense ontmoedig om flieks te kyk nie. Is dit omdat hierdie argumente nie geldig is nie? Of omdat hulle algemeen beskou word as 'outyds'? Of omdat hulle nie goed genoeg verduidelik en bespreek is nie? Die vraag bly – kan ons as Christene flieks kyk?

Ek wil hierdie vraag versigtig antwoord. Ek glo dat dit moontlik is vir ons as Christene om flieks te kyk. Ten spyte hiervan, is ek egter daarvan oortuig dat ons veels te veel fliek, en dat ons nie besef watter enorme effek Satan hierdeur op ons lewens uitoefen.

Waarom glo ek dat dit moontlik is vir Christene om flieks te kyk? Omdat daar niks inherent boos is in films nie. 'n Fliek is niks meer as 'n versameling beelde op film wat bekyk word teen hoë spoed.

Dikwels word hierdie tonele wat voor ons afspeel, vergesel deur woorde of musiek. In ‘n sekere opsig is fliek eintlik maar nes boeklees. Waar ‘n skrywer woorde gebruik om ‘n storie te vertel, gebruik ‘n regisseur ‘n sekere samestelling van prentskerms vergesel deur musiek om dieselfde effek te verkry. Die eintlike vraag is of die storie wat vertel word, en die manier hoe dit vertel word, aangenaam is vir God.

Talle ouers moedig hulle kinders aan om boek te lees. Deel van die rede hiervoor is om hulle te leer om te lees, en hoe om inligting in gedrukte vorm te kan verwerk. Ouers moedig egter hulle kinders aan om ook fiksie-verhale te lees, net vir plesier en ontspanning. Baie mense sal saamstem dat daar niks is soos om geboei te word deur ‘n goeie boek nie. Waarom moet films anders hanteer word?



Die filmmedium het ontwikkel in ‘n onafhanklike kunsvorm. As student het ek die voorreg gehad om die verskillende tegnieke wat gebruik word deur regisseurs om hul storie tuis te bring, te bestudeer. Iemand se indruk van ‘n sekere karakter, word bv. sterk beïnvloed deur die hoek van die kamera: of dit op of af kyk na die persoon. Klank word dikwels baie effektief ingespan om atmosfeer te skep – hetsy om spanning te skep, of ‘n rustige atmosfeer. Regisseurs maak dikwels gebruik van terugflitse, om agtergrond inligting te verskaf wat hulle nodig het om die verhaal te vertel. Daar is talle slim tegnieke wat regisseurs gebruik om ‘n fliek te maak wat aanklank vind by die publiek. Waarom kan ons as Christene nie films kyk soos ‘The Sound of Music, The Man from Snowy River, Anne of Green Gables, of ‘classics’ soos ‘Oliver Twist’ en ‘Great Expectations?’ Flieks soos hierdie kan groot plesier verskaf, en verhoog jou waardering van literatuur en kultuur.

Baie van julle dink nou seker: “Nee wat, hierdie artikel is baie ‘cool’”. Ds. Poppe sê dis reg vir ons om flieks te kyk. Wag tot ek dit vir pa en ma wys! Miskien sal hulle ons nou toelaat om daai video uit te neem of om bioskoop toe te gaan.

Maar hou asseblief aan lees – hierdie artikel is nog nie klaar nie.

Net omdat dit moontlik sou kon wees vir Christene om flieks te kyk, beteken dit nie dat ek dit noodwendig aanraai nie. Persoonlik is ek oortuig dat ons veels te veel fliek. Die probleem is dat die meeste flieks – of dit nou aksie, komedie, drama of een of ander riller is – nie geskik is vir Christene om te kyk nie. Wat daarin aangebied word, doen God oneer aan, omdat dit waardes verkondig wat in stryd is met God se wette.

Vloekery, geweld en seks is hoofelemente aanwesig in Hollywood produksies. Dit is alreeds rede genoeg vir ons as Christene om die groot meerderheid van vandag se flieks nie te kyk nie. Maar hierdie aspekte is nie eers die grootste gevaar vir ons as Christene nie, want ons is bewus dat hierdie dinge verkeerd is. Die probleem met baie flieks is dat hulle op ‘n subtiele manier, ‘n anti-Christelike boodskap verkondig. Deur hierdie Hollywood films herhaaldelik te kyk, begin ons beskouings van sommige dinge verander. Wat ons dus nie agterkom nie, is die diepgaande effek wat Satan op ons lewens kan hê deur die valse boodskap wat hy verkondig in flieks.

Het jy al ooit nagedink oor Hollywood se standpunt oor gesag? Die feit dat God aan sekere mense verantwoordelikhede gee, asook die wysheid om dit te vervul, word gedurig ondermyn in hierdie films. So dikwels word ouers, onderwysers, werkgewers en die regering uitgebeeld as onbekwame dwase. Kinders, studente, werknemers en inwoners gee aan hulle meestal nie die liefde, eer, en respek wat hulle toekom nie. En dit word aangebied as normaal, en korrek. Hoeveel invloed het dit nie op ons nie?

Wanneer laas het jy ‘n kerk, priester of dominee in ‘n fliek gesien? Diens aan God is nie iets wat deur Hollywood bemark word nie. As geloofsinstellings, of geloofsfigure in flieks gewys word, is dit byna altyd in ‘n negatiewe, ligsinnige of selfs spottende konteks. Hulle word beskou as korrup of pervers.

Dink bietjie na oor die perspektief wat meeste flieks werp op seksualiteit. Word dit uitgebeeld as ‘n pragtige geskenk wat God gee om te waardeer en te geniet binne ‘n huweliksverhouding? Ek dink nie so nie. Inteendeel, seksualiteit word aangebied as elkeen se reg. Flieks bemark meestal die idee dat informele

seks plesierig en gesond is, so lank as dit tussen twee instemmende volwassenes geskied. ***Geregtelike*** verhoudings is die norm, en as huwelik genoem word, is dit dikwels in ‘n negatiewe konteks. Hoe dikwels sien ons ‘n gelukkige, stabiele gesin met kinders wat steeds by hul biologiese vader en moeder woon, in flieks? Hoeveel het flieks al bygedra om voor- en buitehuwelikse seks asook egskeidings aanvaarbaar te maak?

Oor die algemeen is flieks geneig om ‘n valse evangelie vir ons op te dis. Daar word geleer dat geluk en vreugde in hierdie lewe te vinde is in materiële dinge, in die plesiertjies van hierdie lewe. Eerder as om ons na die Here en sy diens te lei, is flieks geneig om ons weg van Hom te lei. Dikwels op subtiele manier dat ons dit byna nie agterkom nie. Die probleem met flieks is dat dieselfde anti-Christelike temas en boodskappe weer en weer vertoon word. En as jy hulle genoeg hoor, begin jy daarmee identifiseer, en dit aanvaar.

Ons moet onthou dat ons teenstander die duiwel baie slinks en slu is. Hy vertoon sy leuens aan ons as ons op ons swakste is. As ons eerlik is met onsself, moet ons erken dat ons flieks kyk omdat ons daarvan hou om vermaak te word. Om flieks te kyk is ‘n passiewe aktiwiteit. Jy sit en ontspan, en geniet jouself. Jy neem alles in wat aan jou vertoon word. Jy het nie tyd om te stop, en te dink oor wat jy gesien en gehoor het. Jy absorbeer net alles, en maak dit jou eie. G’n wonder Satan hou so baie daarvan om hierdie media te gebruik om sy leuens te propageer nie!

Wat sê dit oor ons tradisionele argumente teen die kyk van flieks? Op grond van die vyandskap wat heers tussend die wêreld en ons, kan ons sê dat alle flieks verban moet word? Ek dink nie so nie. Maar tog moet ons besef dat die groot meerderheid van flieks, onchristelike waardes vertoon. Hulle is instrumente in die hand van die duiwel om die koninkryk van die duisternis te propageer.

Hierteenoor het die tradisionele argumente baie om te sê, want hulle behou ‘n duidelike onderskeid tussen lig en duisternis, tussen kinders van God en kinders van die duiwel, tussen werke van geregtigheid en werke van wetteloosheid.

Sommige sal dalk voel dat hierdie artikel nie ‘n sterk genoeg posisie inneem teenoor die kyk van flieks nie. Hulle sal aanvoer dat die regverdiging om sommige flieks te kyk, die geleentheid skep tot misbruik. My uitdaging aan jou is om na vore te kom met argumente wat jou vriende en tydgenote sal help om die gevare in fliekkyk raak te sien, want fliekkyk is ‘n algemene praktyk onder jongmense. Ander sal dalk voel dat hierdie artikel weer te sterk staan teen flieks. My uitdaging as jy so voel, is om aan my ‘n lys flieks te verskaf wat jy sou aanbeveel vir algemene gebruik deur die lidmate van die gemeente. Ek sal die geleentheid verwelkom om flieks wat julle beskou as goed, krities te evalueer.

(Vertaal deur Maryke van der Eems)

TITANIC OR SATANIC?

Ronald Stelzer

The blockbuster movie *Titanic* is a masterpiece of Satanic craftsmanship. Ostensibly about the huge luxury liner that hit an iceberg and sank in the frigid waters of the North Atlantic in April of 1912, it is in fact a subtle assault on the law of God and the gospel of our Lord Jesus Christ.

The historical event serves as a backdrop for a totally fictitious story promoting selfish autonomy and the god of romantic feelings. Early in the movie the hero is established—a boy barely passed adolescence who very ingeniously, unselfishly and courageously saves the life of the damsel in distress who is about to take a suicidal leap into the ocean because she doesn’t want to marry a fiancé she doesn’t love. This girl eventually survived the sinking ship, lived to a ripe old age and sentimentally retells the story how this boy “saved her in every way a girl can be saved.” His brand of salvation was leading her to ignore, despise and reject her parents, cast aside all clothes, morals, and sexual inhibitions; lie, cheat and betray her fiancé, and in general let whatever romantic feelings she has or yearns for be the sole guide for her life.

This is a mockery of the fifth commandment: "Honor thy father and thy mother." The picture drawn of the girl's mother is negative in the extreme, whereas the boy hero is an orphan who has no parental influence or positive relationship with any older person. The subtle message to the moviegoer is that parental authority is tyrannical, parental guidance is unnecessary, and this yoke must be overthrown if one is to find true happiness, freedom and salvation.

The seventh commandment along with all sexual boundaries are out—replaced by the hero's sole moral compass: "Don't think…just feel it." Shedding one's morals and clothing is a salvation experience, according to this movie.

Also denigrated is the eighth commandment with its command against stealing and its implicit encouragement to honest labor and financial responsibility. The hero uses gambling to achieve his dreams. Neither he nor the girl he "saves" has any experience or appreciation for labor. Feeding the typical theme of class warfare, all who had money were portrayed as superficial and evil. The hero's preferred occupation was painting nude models wherever he could find them. In the end the sentimental old woman, living in luxury, accepts a free helicopter ride from someone who has spent enormous time, effort, and money to find a diamond amidst the wreckage of the Titanic. After telling her story she privately tosses the diamond she has concealed all along into the ocean, an offering to her savior whose remains lie in the ocean's depths.



This movie is a three-hour sermon whose theme is "sin has no consequences." There is a totally unrealistic lack of awareness of what happens in real life to people who have no job, no care about family and no sexual restraint. Such folks can typically expect to live a life marked by poverty, disease, squalor, woundedness, loneliness and failure. But Hollywood hides all the consequences as it lures you into its godless beliefs and value system—just like Satan.

Today in America 82% of teens have had sexual relations by the age of 19. More than 600,000 teenage girls get pregnant each year, of which 90% are unmarried and 50% get abortions. Sexually transmitted diseases are epidemic and often incurable. Many wind up presenting their wedding partner with an incurable disease and psychological baggage that vitiates a joyful, fulfilling sex life in marriage.

PG-13 does not mean parents should decide whether or not their impressionable youth should see this film. It means that if they're going to see it, you better go with them and point out what this movie leaves out, namely, that:

- Sin has consequences.
- The godless hero is today and forever in hell, and the heroine will soon join him.
- The earth is the *Titanic* which is doomed to destruction, and we're all on it.
- We all need a real Savior, who alone is Jesus Christ.

Early in Genesis we are introduced to the serpent, Satan himself, who is "more subtle" than any of God's creatures. "Subtle" comes from a Latin word originally meaning slender, fine, delicate—qualities that attract, not repulse. The word comes to mean "artfully clever, highly skilled in craftsmanship" and so evolves to mean "difficult to distinguish, deceptive, manipulative, treacherous, insidious, enticing but harmful, poisonous and destructive, having a gradual and cumulative effect."

Satan is subtle. He disguises himself as angel of light whose lies and temptations are very seductively attractive and reasonable, but deadly. If Satan would always appear with scowl, horns and a pitchfork, with full disclosure of the consequences of sin, we should not be fooled. Instead, he comes subtle, like *Titanic*. That's Satanic.

(Ronald W. Stelzer is senior pastor of Our Savior Lutheran Church, Centereach, New York)

HOOGMOEDIG – WIE, EK? NOOIT!

Mirjam Raimond

Dit is seker wat ons almal eerste sal sê, wanneer hierdie onderwerp aangeroer word. Tog kan ons nie ontken dat geld, status en mag 'n baie belangrike rol speel binne-in ons kerk en dat daar op mekaar neergekyk word in die verband nie. Hoe opvallend is dit nie dat baie mense hulle te goed voel vir medegelowiges wanneer daar geen ooreenkoms in salaris is nie. Dan wil ons nie met daardie mense geassosieer word nie, terwyl ons die belangrikste in die lewe, nl. geloof in God, in gemeen het. Wat is dan nou werklik belangrik?

En tog is almal se eerste reaksie – "nooit, nie ek nie" – terwyl dit duidelik blyk dat hoogmoedigheid algemeen voorkom.

Want is dit tog baie keer nie toevallig dat die mense met die meeste aansien en status, ook die beste in verskeie ander dinge is en ook die mense met wie ons die graagste kuier en mee geassosieer word. En oor mense met minder aansien en status kan ons gou genoeg iets verkeerd vind word of ons laat hulle op een of ander manier belaglik lyk. Dit is dan niks anders as om neer te sien op ander mense. HOOGMOED.

Om hoogmoedigheid te beskryf en voorbeelde te gee is eintlik baie moeilik, want dit is klein dinge waaroor dit baie keer gaan of dinge wat nie maklik omskryf kan word nie. Daarom word daar ook min oor gesê en geskryf, maar daarom is dit nie te sê dat dit nie plaasvind nie. En die gevolge is gewoonlik groot wanneer twis en tweedrag plaasvind.

Ontken
Dit is ook so maklik om hoogmoedigheid te ontken wanneer ons daaroor aangespreek word, omdat dit so maklik is om 'n verduideliking te gee wat in jou eie voordeel is.

En wat word eintlik van ons verwag as Christene? **Nederigheid.** Ons moet daarin 'n voorbeeld wees vir die mense van die wêreld.

Jesus as voorbeeld
Watter beter voorbeeld as Jesus self is daar nie vir ons nie? Jesus, gebore in armoede. Jesus wat sy dissipels se voete gewas het. Ja, Jesus, die Koning van die wêreld het dit gedoen. Hoeveel te meer moet ons dit nie teenoor mekaar doen nie? Dit is dan ook weer iets waarna ons kan streef, veral binne die kerk.

Laat ons daarom omsien na mekaar en kyk waar ons mekaar kan help, eerder as om neer te kyk op mekaar en die kloof al dieper te maak tussen ons en ons medegelowiges. Waarvoor het God dan nou eintlik ons vir mekaar gegee?

Laaste gedagte
Kom ons oordink die kwessie rondom hoogmoedigheid, eerder as om dadelik te ontken dat ons daaraan skuldig is en dan nie verder daarby stil te staan nie.

Tekste:

Rom. 12:16 Wees eensgesind onder mekaar; moenie na hoë dinge streef nie, maar voeg julle by die nederige; moenie eiewys wees nie.

Spr. 29:23 Die trotsheid van 'n mens verneder hom, maar die nederige van gees sal eer ontvang.

KINDERS VAN GOD IN DIE NUWE MILLENNIUM

Rinus Kamphuis

Is jy vergeetagtig? Of was jy een van die wat nie kongres toe gekom het nie? Almal van ons is in elk geval vergeetagtig. Volgens die studiemetodes wat ons almal moet ken, is herhaling baie belangrik in die bemeestering van enige leesmateriaal ens. Dus kan dit nie kwaad om weer opgefris te word oor wat op kongres gebeur het nie. Hierdie stukkie is ook bedoel vir die wat nie daar was nie, sodat jy ook bietjie agtergrond kan hê van wat op kongres gebeur het. Die kongres en die werksinkels het 'n groot invloed op die jaarlikse jeuglewe – en dit kan nie kwaad doen as almal op dieselfde vlak hieroor kan saampraat nie.

Soos meeste van julle seker weet was bogenoemde die tema van kongres '99. 'n Kongres wat toe ondanks al die baie reën en onderlinge geskille wat dit vooraf gegaan het baie suksesvol was. Dit kan ook gesê word met betrekking tot die geestelike aktiwiteite van die kongres wat ook die belangrikste deel van die kongres uitgemaak het. Die geestelike kommissie onder leiding van Jan van Houwelingen het regtig 'n uitnemende taak verrig en daarom ook nog 'n spesiale woord van dank aan hulle.

Almal met wie ek gepraat het en daaroor uit gevra het, het saamgestem dat die werkswinkels wat aangebied is baie leersaam, interressant en opbouend was. (vir die mense wat nie weet wat 'n werkswinkel is nie: die jeug word almal in groepe op gedeel en roteer dan om elke spreker se lesing/praatjie te kan bywoon). Die werkswinkels vervang dus basies die konsep van referate van vroeër waar almal in een saal gesit en luister het na een spreker.

Kortliks iets oor die werkswinkels:
Die natuur, omgewing en ons verantwoordelikheid was aangebied deur Ian Bosman wat saam met sy vrou Rianne ook as 'n kongres ouers opgetree het. Aspekte wat aangespreek is was onder andere dat die natuur een van die middele is waardeur ons God ken. Ons moet ook help, waar ons kan, om die natuur, God se skepping, te bewaar. Ook al maak die bietjie wat ons doen 'n klein verskil, dink maar aan die man wat die seesterre terug gooi in die see. Verder moet ons motief om die natuur te bewaar ook reg wees en nie die New Age agtergrond van Green Peace wat ook bespreek is nie.

Ds. Arjan de Visser het vir ons vertel oor die eerste sending in Suid Afrika. Dit was 'n baie interressante praatjie wat begin het oor die ontstaan van die dorpie Hernhut in Duitsland met sy Morawiese inwoners wat 'n sterk sendings roepings besef vir daardie tyd gehad het. Die eerste sendeling in Suid Afrika was dan ook 'n Morawiër Georg Schmidt wat deur die VOC gestuur was in die begin van die 17 de eeu. Hy het begin sending dryf onder die Hotentotte en sodoende het die dorpie Genadendal ontstaan. Na hierdie werkswinkel maak dit, dit beslis die moeite werd om Genadendal 'n keer te besoek. Een van die kenmerkende eienskappe van die morawiese sendelinge was dat hulle nie formele teologiese opleiding gehad het nie en sending gedryf het deur hulle ambagte uit tevoer en sodoende deur die werkplek kontak met mense begin maak het. 'n Konsep waaruit ons vandag ook nog kan leer.

Die werkwinkel oor toekomsvoorspelling is

Die prent in geheel beeld die jeug uit as kinders van God in die nuwe millennium met die 6 werkswinkels wat ook daarin uitgebeeld word.

Soos genommer beeld dit die volgende uit:
1. *Toekomsvoorspelling.*
2. *'n Moeilike een, dit beeld sending uit en dui dus op die werkswinkel oor die ontstaan van die sending in Suid Afrika.*
3. *Met wie sal ek trou?*
4. *Vryetydsbesteding.*
5. *Ydelheid.*
6. *Die natuur, omgewing en ons verantwoordelikheid.*

aangebied deur Dr. Neels du Preez van Bethal. Bekende toekomsvoorspellers soos Nostradamus en Siener van Rensburg is bespreek en ook die aspekte rondom astrologie en New age. Daar is beslis bonatuurlike kragte en gawes rondom ons, maar nie alles is nuttig en opbouend tot ons verhouding met die Here nie. In Deuteronomium is daar plekke waar die Here ons uitdruklik verbied om met valse profete en waarsêers om te gaan. Die Here het aan sy kinders sy Woord gegee wat al die waarheid bevat wat ons nodig het. Die mens hoef nie self te probeer uitwerk wat in die toekoms gaan gebeur nie, alhoewel mense dit doen wat nie op God vertrou nie. Ons het die Bybel en die vertroue dat die Here altyd vir ons sal sorg en bewaar.

Vryetydsbesteding, behalwe dat ons op die kongres heelwat vryetyd tot ons beskikking gehad het, was ook een van die onderwerpe van die werkswinkels gewees. Hierdie onderwerp was aangebied deur Ds. Pieter Nel wat ook saam met sy vrou, Gerda, kongres ouers was. Hierdie onderwerp is in diepte behandel met selfs verwysings na die griekse grondteks. 'n Belangrike aspek om te onthou van hierdie werkswinkel is dat ons ontspanning altyd ons inspanning moet dien of van nut daarvoor moet wees. Verskillende mediums/middele van ontspanning is ook bespreek soos films, musiek, internet ens. en tot die gevolgtrekking is gekom dat die middele nie verkeerd is nie maar verkeerd gebruik kan word. ‘n Aspek wat nog verder bestudeer kan word. Verder is dit belangrik om selfs in vryetydsbesteding ‘die tyd uit te koop.’ Tyd is deur God geskape, en moet dus ook so veel as moontlik in sy diens gebruik word.

Die werkswinkel oor ydelheid is deur tannie Greet de Vries behartig. Dit was ‘n baie interressante werkswinkel en ons sou nog ure oor die onderwerp kon gepraat het. Aspekte soos: wat is ydelheid, selfversorging, kleredrag, liggaamshouding, selfbeeld ens. is behandel. Verder het almal van ons die Myers-Briggs test gedoen wat mens se karrakter eienskappe aandui. Hierdie karakter eienskappe varieer dan van introvert/ekstrovert na meer gevoelige en intuïtiewe tipe karakter-eienskappe. Ek weet nie of die bedoeling met hierdie toets was om agter te kom of ons dalk self ydel is nie, maar een ding wat ons uit hierdie werkswinkel geleer het is dat ydelheid nie bekoor nie.

Die werkswinkel – Met wie sal ek trou? is op ‘n baie spontane wyse deur tannie Inge de Visser aangebied. Moets en moenies tydens die tydperk van verkering is bespreek asook sekere fases van groei na mekaar toe waardeur jongmense behoort te gaan voordat hulle wil trou. Die boek *Die Huweliksdaad* deur *Tim LaHae* is genoem as leeswerk vir enige paartjie voor ‘n beplande huwelik. Hierdie werkswinkel het dit duidelik laat blyk dat trou nie perde koop is nie.

Dit was dan kortliks die werkswinkels.

Ds. Nel en sy vrou het vir ons op die tweede laaste dag van die kongres ‘n samevatting gegee oor al die werkswinkels. Ds. Nel het vir ons ook ‘n prent geteken wat iets van al die werkswinkels en die kongres tema uitgebeeld het.
Alhoewel die werkswinkels die belangrikste geestelike aktiwiteit van die kongres was het die geestelike kommissie ook gesorg vir toepaslike bybelgedeeltes wat voor die etes gelees is voordat die seën oor die kos gevra is. In hierdie bybelgedeeltes is kortliks die vrugte van die geloof behandel.
Daar is ook vir dagopening stukkies gesorg wat elkeen soggens in sy eie stilte tyd kon bestudeer. Die onderwerpe van hierdie dagopening stukkies was: die ontstaan van Hemel en aarde; vir God is niks onmoontlik nie; God het alles goed gemaak en God regeer en voorsien nog steeds!

Na kongres ’99 kan daar opreg gesê word dat dit ons as jeug van die VGKSA, goed oppad geplaas het as kinders van God die nuwe millennium in.

Voel jy ook so…?

AS DIT OOR DIE LIEFDE GAAN…

As daar ‘n onderwerp is waarvoor ons almal belangstelling het, is dit die liefde. Seun of meisie, oud of jonk, altyd kom jy in aanraking met die liefde. Eers sonder dat jy dit weet, as baba, as klein kind, en later as opgroeiende kind. Vinnig breek die tyd aan dat jy na die ander geslag kyk, wanneer jy die ander as seun of meisie waardeer. Die tyd van ‘love-letters’ op skool, van praatjies oor jou klasgenote, van kampe en dinge saam doen, van soek en meestal nie vind nie.

En die liefdestrein gaan in volle vaart verder as jy hom of haar gevind het, miskien nog maar net in jou gedagtes. ‘n Toevallige aanraking, ‘n brief, ‘n telefoonoproep, ‘n…liefde. Miskien ‘n liefde met die eerste aanblik, maar wat is daarmee verkeerd? Liefde wat groei en steeds ‘n ander verpakking kry : omgaan, uitgaan, verloof, trou. En dan staan die vroeër hulpelose kind as die vader of moeder langs die pasgebore kindjie se bed. Liefde, dit is die rooi draad in jou lewe, ook as jy ouer word, as die grys hare begin kom. Liefde is ook daar by die graf, as jy die ander moet loslaat omdat ‘n Ander sy liefde wil betuig. Liefde is daar in jou hele lewe…en daarna.

Liefde…hoeveel boeke is daar nie al oor geskryf nie? Maar wat maak ons daarmee? ‘n Paar aanhalings gee wanneer probleme opduik? Oor die liefde raak ‘n mens nie uitgepraat nie, daarom gesels ons ook so min daaroor. Liefde is tog iets persoonliks, vir myself? Iets wat ek bewaar vir my en vir…die ander.

Ja, dit is so. Maar dit nie alléén nie. Liefde is ook iets vir ons almal saam. Ons, as Christus se jeug. Hy wat ons só lief gehad het dat Hy sy lewe vir ons gegee het. Hy het ook in sy Woord reëls gegee om die liefde te leer ken. Want liefde moet jy leer, dikwels deur skade en skande heen. Ook vir die liefde van en vir mense, en vir die sonde wat ons daarby doen, het Christus sy bloed gegee. Hy het ook sy wet aan ons gegee, waarvan die samevatting sê dat liefde die vervulling van die wet is. Liefde het nie net betrekking op ons hart nie, maar ook op ons verstand. Nie verstand*elike* liefde nie, maar verstand*ige* liefde. In die omgang met mekaar speel die liefde ‘n belangrike rol, al trou ons nooit met mekaar nie. Jy moet jou naaste liefhê soos jouself… Dit is vreeslik moeilik, want ons is tog so lief vir onsself! Ons het ‘n verantwoordelikheid teenoor mekaar. Ver-antwoord, dit wil sê, antwoord kan gee op die vraag wat jy met jou broeder of suster gedoen het. Kaïn moes ook verantwoording doen nadat hy Abel doodgeslaan het.

Wat eis God in die sesde gebod? Dat ek my naaste nie met *gedagtes*, en ook nie met woorde of enige gebaar en nog minder met die *daad*, deur myself of deur ander mag onteer, haat, wond of doodmaak nie… (vr&ant 105 HK). Selfs gedagtes, die mees intieme van elke mens, waarvan selfs jou beste vriend(in) niks weet nie. God ken die mens wanneer Hy sy gebooie gee, gebooie *tot* die lewe, *uit* die liefde; Goddelike liefde.

Om so na Gód se Woord liefde te leer is pragtig. So vind jy die mooiste wat jy ooit kan gee en ontvang. Ons werk soms te veel net aan die een soort liefde. Laat ons die broeder- en susterliefde nie daardeur agterweë laat nie!

HIERDIE JAAR GAAN EK ….

Wilma Lubbinge

Elke begin van die jaar maak baie mense nuwejaarsvoornemens, net sodat hulle dit later in die jaar kan breek. Ek dink as ons mooi gaan dink oor hoeveel van ons goeie voornemens ooit realiseer sal ons sien dat dit bitter min is. Nou wonder ek wat die doel van nuwejaarsvoornemens is en waarom word dit enigsins gemaak?

Met elke jaar wisseling word ons gedwing om voorraad op te neem oor die jaar wat verby is - het ek bereik wat ek wou, gedoen wat beplan is, ens. Dan sien ons ook hoe baie foute daar was en hoe baie ons te kort geskiet het. Daarna word ons gekonfronteer met die nuwejaar wat voor lê - wat moet alles gedoen word, wat wil ek beter doen as verlede jaar. Die onbekende jaar lê en wag dat ons dit moet kom beleef, met al die opdraendes en afdraendes.

Dit is belangrik om krities na nuwejaarsvoornemens te kyk, die meeste voornemens is mensgesentreerd - hoe jy jou lewe kan verbeter, mooier kan lyk, meer status kan verkry, ens. Hier kan ons onderskei tussen Christelike en nie-Christelike nuwejaarsvoornemens.

Kan 'n Christen nuwejaarsvoornemens maak?
Ja, 'n Christen moet ook sy lewe beplan en doelwitte vir die toekoms stel, dit is egter belangrik om die

voornemens te maak as kind van God. Dit beteken dat die sentrale gedagte rondom God en sy koninkryk en die bevoordeling daarvan moet wees. Verder moet ons Jakobus 4:13 - 17 in gedagte hou.

"Kom nou, julle wat sê: Vandag of môre sal ons na die of die stad gaan en daar 'n jaar deur bring en handeldrywe en wins maak - julle wat nie eers weet wat môre gaan gebeur nie. Want hoedanig is julle lewe? Dit is tog maar 'n damp wat vir kort tydjie verskyn en daarna verdwyn. In plaas dat julle sê: As die Here wil en ons lewe, dan sal ons dit of dat doen. Maar nou roem julle in jul grootpratery. Al sulke roem is verkeerd. Wie dan weet om goed te doen en dit nie doen nie, vir hom is dit sonde."

Ons moet dus alles doen in vertroue op God, Hy weet wat in jou lewe gaan gebeur en gee nie om watter voornemens en planne jy gemaak het nie, dit sal tot niet gaan en God se wil sal geskiet. Hier is die ou gesegde: "Die mens wik, maar God beskik." van toepassing.

Oud en nuut
Hierdie keuses wat ons maak is egter nie net aktueel rondom die jaarwisseling nie, maar iets wat ons elke dag bewustlik moet maak. Die stryd teen die sonde hou nooit op nie, dit word net al erger in ons materialistiese samelewing. Die Bybel wys ons die pad vorentoe, ons moenie terug kyk nie, maar vorentoe na die Jongste Dag wat al hoe nader kom.

2 Korinthiërs 5: 17
"Daarom as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verby gegaan, kyk, dit het alles nuut geword."

Teleurstellings
Al het ons ook die grootste wilskrag in die wêreld, ons kan nie by ons goeie voornemens bly nie en telkens is ons teleurgesteld in onsself - ons is en bly sondige mense van natuur.

Romeine 7:19
"Want die goeie wat ek wil doen , doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek."

Gaan lees die hele hoofstuk wat vertel van die vrymaking van die sonde deur die wet, en die stryd wat ons daagliks teen die sonde moet stry.

Die Bybel gee die rigting aan
'n Mens raak gou verward en weet nie watter kant toe met die nuwejaar en al jou wense dat dit 'n goeie jaar sal wees nie. Deur die Bybel as kompas te gebruik kan jy nie anders as om in die rigting van die Lig te stap nie. Dan kan jy ook die onbekende van die nuwejaar met sekerheid tegemoet gaan, omdat jy weet jou lewe is in God se Vaderhand.

Rigtinggewende teksverse:
- 1 Kor. 9: 24-27 - Hardloop die Christelike wedloop.
- 1 Kor. 3: 9-23 - Christus is die fondament van elke Christen se lewe.
- 2 Kor. 6: 11-18 - Lewe heilig onder mekaar, moenie onder dieselfde juk as die heidene trek nie.
- Rom. 8:1-17 - Almal wat deur die Heilige Gees gelei word is kinders van God.
- Rom. 12:9-21 - Liefde, nederigheid, medelewendheid - Gemeenskap van die Heilige Gees.
- Gal. 5:16-26, veral vers 22 - Vrugte van die Gees.
- Ef. 5:1-21 - Leef as kinders van God, tot sy eer.
- Ef. 6:10-19 - Trek sy wapenrusting aan en bewapen jou so teen die aanvalle van die duiwelse magte.
- Kol. 4:2-6 - Bly volhard in gebed - God hoor jou!

SOSIALE VERANTWOORDELIKHEID

Anoniem

Een van die manne wat vir my werk het al maerder geraak en al minder werk gedoen. Hy het ook begin hoes.
Dit het my ‘n bietjie bekommerd gemaak. Ek het hom aangeraai om ‘n dokter te gaan sien.

Die Maandag kom hy nie werk toe nie en my ander man vertel my dat Sam baie siek is en in die hospitaal lê.
Na ‘n week is Sam weer terug by die werk met ‘n briefie van die dokter wat my vertel dat Sam TB het

in ‘n baie ernstige graad. Waarskynlik het hy al eerder TB gehad en nie nie sy medisynekuur klaargemaak nie.

Nou moet hy vir die komende drie maande elke oggend ‘n inspuiting kry. Daarby moet hy elke maand een dag hospitaal toe gaan om toetse te ondergaan, sy gewig te meet en om sy toestand te monitor.
Gelukkig is daar naby ons ‘n daghospitaal waar hy daagliks sy inspuiting kan kry en die suster is toe bereid om elke dag ‘n bietjie eerder in te kom sodat ek my werksdag nog redelik op tyd kan begin.
Vir die volgende drie maande hop hy agter uit die bakkie, kry sy inspuiting, en ons gaan verder met ons daaglikse dinge.

Na die periode van daaglikse inspuitings het sy toestand sover verbeter dat hy nie meer inspuitings nodig het nie. Hy voel baie goed en is ons baie dankbaar dat ons dit alles vir hom gedoen het.
Nou kry hy pille wat my vrou elke dag in ‘n eierdoppie vir hom gee met ‘n koppie melk om dit af te sluk.
Daai pilledinge moet ‘n mens nou nie vir my vra nie, ek is mos nie ‘n wyksuster of broeder nie maar iemand wat hom werk verskaf.

Sy maat hou al die gebeure fyn dop en dink so sy eie dinge en praat in hulle taal lang ernstige stories.
Op die kaart teen die kombuismuur word die dosering noukeurig bygehou en dan aan die einde van die periode se pille gaan Sam daghospitaal toe, word sy gewig geneem, sy nuwe voorraad pille uitgedeel en bring hy die geel hospitaalsakkie na my vrou sodat sy dit weer daagliks in die eierdoppie kan opdis.

Na so’n halfjaar of wat is Sam gesond verklaar en gaan hy bly en gelukkig deur die lewe.
So’n maand of wat gelede begin Sam weer hoes en nies. Ek hou nie daarvan nie en hou hom so onderlangs argwanend dop.
Begin die storie van voor af aan? Is dit weer TB of dalk iets anders of is dit maar ‘n gewone verkoue?
Partykeer staan hy en nies dat die spetters vlieg. Dit kan nie ‘n gesonde situasie wees vir sy medeburgers nie.
Wat maak 'n mens nou? Nee, Sam voel piekfyn, daar's nie fout nie…..maar tog het ek my vrae.
Dit laat my altyd wonder hoever gaan jou verantwoordelikhede. Ek wil nie paternalisties optree en vir hom voorskryf wat om te doen nie. In hoeverre moet jy die maatskaplike en sosiale verantwoordelikhede as werkgewer op jou neem en waar kan of moet jy dit aan die staat en of die persoon self oorlaat? Wat bedoel die Bybel met naasteliefde in hierdie geval? Daar is seker ook ‘n verantwoordelikheid ten opsigte van jou eie mense en jouself. Bowendien sien ek nie eintlik kans om weer deur al die daghospitaalbesoeke, pilledistribusie en verdere verlore werkstyd te gaan nie.

Maar tog…….. seker in Suid-Afrika word daar van die meer bevoorregte groep verwag om in bepaalde sosiale en maatskaplike situasies op te tree en verantwoordelikhede te aanvaar.
Hoe dit ook al sy, daardie omstandighede sal ‘n mens nog kan hanteer, maar wat moet jy doen as dit erger is as wat jy ooit kon dink? As dit ‘n HIV verwante siekte is?

Ons het daarvan gehoor en moontlik daaroor gelees. Maar wat moet/mag ‘n mens doen as dit in jou direkte omgewing plaasvind?
Dit is ‘n besmettelike dodelike siekte waarvoor daar tot op datum nog geen geneesmiddel bestaan nie.
Wat doen ek nou? Die weg van die minste weerstand is om die man te ontslaan. As jy wil is daar altyd wel ‘n middel om van die persoon op legale manier ontslae te raak, maar is dit wel die oplossing? Ek bedoel die Christelike oplossing.

Daar is voorbeelde genoeg uit vroeër eeue waar mense sonder vrees en belangeloos hul lewe in groot gevaar gestel het en selfs hul lewe opgeoffer het om die mense om hul heen, wat in groot nood verkeer, by te staan en hul lyde te verlig.
Moet ons hierdie prysenswaardige medemenslikheid bewonder en na volg? Mag ons wag tot hierdie ywer ons dwing om ons geloof in die praktyk te bring?
Die groot uitdaging lê myns insiens hierin hoe ons as Christene hierdie epidemie, hierdie groot gevaar wat op ons almal afkom, as gemeenskap verwerk en gelowig hanteer.

Moenie fout maak nie, op een of ander manier gaan ons hier in Suid-Afrika almal binnekort met die probleem te make kry. Hetsy dat jou bediende HIV positief is of jou kollega op die werk of die pasiënt wat jy behandel of die broeder of suster wat langs jou aan die nagmaalstafel sit.

Wat doen ons nou, wat is die Christelike alternatief?

REAKSIE OP 'TIPIES!' – BRANDMERK

Anoniem

'n Bees word deur die boer gebrandmerk sodat hy maklik uitkenbaar is. Die teken van die brandmerk dui aan dat die bees aan daardie sekere boer behoort. Vir die bees is dit gewoonlik 'n redelike pynlike saak – 'n rooiwarm stuk yster word op sy boud gedruk vir so 'n paar sekondes. Die boer se teken word dan vir die res van die bees se lewe 'ingeprint' op die bees se lyf. Tensy die bees 'n nuwe vel kry, spesiale velbehandeling of miskien 'n goeie haarsny – sal daardie teken altyd daar wees. Die bees self kan in elk geval nie van daardie brandmerk ontslae raak nie. Hy kan nie veel daaraan doen nie.

Die skryfster van die artikel 'tipies!' voel oorgelewer aan die brandmerke van haar mede-kerklede. Sy voel dat sy bekend staan as iemand wat sekere eienskappe het (of gehad het) wat nie aanvaarbaar is vir die ander nie. Miskien IS daardie eienskappe nie aanvaarbaar nie. Maar tog… Sy voel waarskynlik iets wat die bees voel – magteloos om die brandmerk te weerstaan. Dis nou eenmaal hoe sy is – en niemand sal kan aanvaar dat sy moontlik wel kan verander.

Is dit hoe ons ons mede-gelowiges moet behandel? Brandmerke aan mense gee wat hulle vir die res van hulle lewe moet dra terwyl die brandmerk eintlik totaal en al onwaarheid geword het? Behandel ons mekaar soos die boer met die magtelose bees?

Beste leser – miskien is hierdie 'n bietjie van 'n 'stupid' vergelyking. Maar besef jy dat die lewe dinamies is? Dinge in die lewe verander en kan verander. Het jy al ooit na die ontwikkeling van 'n pragtige skoenlapper gekyk? Voordat hy so mooi kan wees moet hy eers 'n lelike wurm of papie wees. Dan is jy geneig om te sê: "O sies, kyk daardie lelike wurm!!" As jy hom nie daar en dan doodgemaak het nie, kom hy later in jou huis ingevlieg en jy sê:" O kyk! So 'n pragtige skoenlapper!!" En min weet jy dat dit presies dieselfde wese is as die lelike wurm van so 'n paar dae gelede.

So is dit met mense ook. Mense ontwikkel, verander en ondergaan gedaanteverwisselings. Mense word groot, mense word oud, mense word wys, mense raak dom ens. ens. Maar die groot vraag is: **Laat ons mense toe om te verander as dit ten goede is?**

Ek ken iemand wat nege jaar gelede 'n baie groot rebel was – een van ons eie jeug. Baie gedrink, baie 'girls opgechat', kortom sommer regtig baie drooggemaak het. Die mense het toe gesê: "So 'n goddelose seun, en nogal in die kerk!!" Hy is gebrandmerk as meneer 'mucho' deur vele van ons – die een wat nie eintlik hier hoort nie.

Mnr. 'mucho' is na nege jaar glad nie meer soos nege jaar gelede nie. Van die Here mog hy wysheid en insig ontvang om in te sien dat sy dade van sy jonkheid baie ydel en goddeloos was. En aan sy lewensstyl kan 'n mens die verskil soos tussen die van die wurm en die skoenlapper raaksien! Iets waarvoor hy en sy vriende die Here baie dankbaar is.

Maar dan is daar werklikwaar wragtig nog dié van ons wat nog net die wurm in die persoon raaksien van nege jaar gelede! Wat weier om die verandering raak te sien en hom nie as 'n ware mede-gelowige wil raaksien nie. En wat boonop nog slegte praatjies oor hom versprei, of sommer net 'n 'snobbish' houding in die openbaar inneem teenoor hom!

Dan vra ek myself af – is dit hoe Jesus Christus opgetree het teen die hoere en tollenaars en die moordenaar wat langs Hom aan die kruis gehang het? Nadat hulle die volle omvang van hulle sondes besef het? Nadat hulle besef het dat hulle enigste verlossing in Jesus Christus te vinde is? Hy het hulle in blydskap aangeneem en hulle hul sondes VERGEWE!!

Is ons dan nog bereid om die brandmerke wat ons so genadeloos uitgedeel het, af te was en die persoon te aanvaar as iemand wat "net soos ons" werklik die Here wil dien? In Christus is daar liefde en lydsaamheid om, in teenstelling met beesbrandmerke wat eintlik baie minder pyn veroorsaak as menslike brandmerke, brandmerke te kan afwas en die nuwe persoon raak te kan sien wat as gevolg van die genade van die Here gekom het waar die Here hom gebring het! Hy maak van ons almal NUWE mense – mense met 'n hart van vlees. Dan is dit die toppunt van LIEFDELOOSHEID om nog steeds die ou mens in iemand te WIL raaksien, en die werk van Christus te IGNOREER.

Ek hoop van harte dat die skryfster van 'Tipies!' mag ondervind dat haar mede-gelowiges haar sal behandel soos wat ons Vader in die hemel ons in Jesus Christus behandel – elke dag weer!

Rehobot

Gen 26:22 : " Nou het die HERE vir ons ruimte gemaak''

Jeug van die Vrye Gereformeerde Kerk te Bellville

MY EERSTE KONGRES

Vanuit die Kaap het daar drie eerstejaars kongres toe gegaan. Ons het hulle menings omtrent hul eerste kongres gevra.

Erik-Jan:
Ek, Arjan en Maarten het Maandagoggend besluit op opsie A, die roete kongres toe sonder die tolhek. Buite die feit dat daar elke nou en dan ‘n dooie koei langs die pad gelê het, was die pad heel “ rybaar ”. Met die hulp van die waarskuwingsborde het ons die slukgate omseil en dit het ons slegs ‘n volle 5 ure (ongeveer die dubbele van die verwagte tyd) geneem om die kongresterrein te bereik. Een van die dinge waarna ek uitgesien het, was om nuwe mense te ontmoet. Die eerste aand was ek op pad na die ontspanningsaal om speletjies te gaan speel, maar toe is ek toevallig betyds vir die ontgroening. Ek was nie mal oor die beskuitjie-stroop gereg nie, ek verkies my Marie-beskuitjie sonder stroop! Die ander aande in die ontspanningsaal was lekker. Die sokkerwedstryd dink ek was meer ‘n modderbad as enigiets anders. Ek moet sê, dit was nogal snaaks om die meisies sokker te sien speel. Die kongresete was ook lekker met die opvoerings later die aand (veral die Duckstuk). Soos ons drie die Maandag aangekom het, het ons Vrydagoggend weer vertrek, op ons kuslangse toer af Kaap toe.

Carien:
Die kongres was baie lekker. Wat ek die meeste van die werkswinkels gehou het, was dat dit baie van toepassing was op ons en dit is interessant aangebied.
Ongelukkig het dit baie gereën so daar was nie veel ontspanning behalwe vir die volleyball, sokker en speletjies in die saal. Dit was nou nie so lekker nie.
(Intussen het Carien ook ‘n geskenk gekry van ‘n Gautenger, nadat sy nog maar net ‘n paar dae terug was. Sy was inderdaad baie trots daarop! Wonder hoekom! – Redaksie)

Carina:
My eerste kongres was 'n wonderlike ervaring gewees. Veral omdat ek so baie vriendelike mense ontmoet het. Die werkswinkels was baie leersaam gewees. Ondangs die slegte weer, was die ontspanning baie goed gereël, ontspanning was moontlik omdat daar 'n groot speelsaal beskikbaar was. Dit was 'n kongres wat ek nie gou sal vergeet nie, en baie dankie vir almal wat dit so wonderlik gemaak het.
(Dit lyk vir ons asof die liefdesvuur hierso ook hoog brand – Redaksie)

Ons sê baie dankie vir die eerstejaars se insette en hoop dat hulle nog baie kongresse gaan bywoon.

BEDANKING

Die Kaapse Redaksie wil opreg dankie sê vir Erik van Alten vir sy bydrae vanaf *Die Olielamp* ontstaan het. Erik, jou entoesiasme en aanmoediging het ons aan die gang gehou in tye wat dit maar moeilik was om *Olielamp* en ander verpligtinge te kombineer. Danksy jou harde werk het ons nou ‘n stewige fondament om op voort te bou. Ons gaan jou mis. Sterkte met jou studies en ons wens jou alles van die beste toe vir die toekoms.
Dankie!

Die Kaapse Redaksie

VOETSPORE

Ons mag aan die begin van hierdie jaar terugkyk na die jaar wat verby is. Vir party van ons was dit ‘n jaar vol mooi herinneringe, ander is weer bly dat die jaar uiteindelik verby is sodat hulle weer skoon kan begin. Tog mag ons weet dat God elke oomblik by elkeen van ons was en ook saam met ons hierdie nuwe eeu binnegaan. Dit was ook die tema van ons kongres: Saam as kinders van God in die nuwe millennium. Laat ons hierdie jaar aanpak en mekaar ondersteun sodat ons werklik as kinders van God sal lewe.

So gepraat van die kongres. Die van julle wat saam met my daar was, sal sekerlik saamstem met my dat dit wel ‘n baie geslaagde kongres was. Niks kon die gesellige atmosfeer demp nie, nie eens die reen nie. Die werkswinkels was puik en het die meeste van die jeug se belangstelling geprikkel. Tannie Inge het seker ‘n paar van ons laat bloos met haar onderwerp waar sy ons moes vertel met wie ons moet trou. Tannie Greet het ons ‘n beter selfbeeld probeer gee met haar “ydele” toespraak. Ds. Nel het ons vertel wat ons met ons vrye tyd moet doen en dat ons die tyd moet uitkoop. Ds. Arjan het ons daarop gewys dat ons ook ‘n aktuele verlede het met sy onderwerp oor die sendinggeskiedenis. Gelukkig het ons ‘n toekoms ook, en dit het oom Neels du Preez vir ons gewys met toekomsvoorspelling. Ian Bosman het ons gewys hoe ons met die natuur moet omgaan. Verder het ons by elke ete een van die vrugte van die Gees behandel (Gal. 5 : 22). Die geestelike sy van die kongres was sowaar ‘n sukses.

Ons wil dankie se aan die kongresouers, ds. Pieter en tannie Gerda Nel en Ian en Rianne Bosman. Julle was regtig daar wanneer ons julle nodig gehad het. Ons kon enige tyd oor enige onderwerp met julle praat. Julle was puik.

Die kongres het ook tot ‘n einde gekom en die matrieks het begin uitsien (dalk gevrees) na die uitslae. As daar enige trane gestort is, hoop ek dit was trane van dankbaarheid. Baie geluk aan al die matrieks (nou studente/werkendes) met julle uislae. Mag die jaar wat voorle vir julle voorspoedig wees in wat julle ook al doen.

Die Maandag na die kongres is die meeste van die jeug na Silkaatsnek toe om ‘n skapie te braai, te swem en sommer net lekker te kuier. Dit was ook om afskeid te neem van die Kapenaars wat daardie week sou vertrek. Dankie, oom Cees de Jager, vir die gebruik van u plek.

Oujaarsaand het die bietjie jeug wat oorgebly het in Pretoria die aand by ‘n swembad deurgebring wat tannie Martine van den Boudt vir ons gereel het. Ons het lekker geswem totdat die reen ons uit die water uit verdryf het in die snoepie in. Daar het ons saam die sekondes afgetel en toe twee bottels sjampanje gepop. So het ons saam die nuwe millennium ingestap.

Nou is die jaar weer volstoom aan die gang. Die skole het al weer begin. Ons het al ons eerste sprekersaand gehad waar oom Kees Roose met ons gepraat het oor hoe ‘n vereniging moet werk en wat ons kan doen om die bybelstudie te verbeter. Nou kan ons weer met nuwe ywer die jaar aanpak en God se seen vra in al ons vergaderings. Welkom ook aan die nuwe eerstejaars. Ons hoop dat julle baie sal leer uit die vergaderings en dat julle baie welkom sal voel tussen die ander jeug.

Ons moet nou van Arnoud van den Boudt afskeid neem. Hy gaan nou ‘n ruk in Ermelo werk en is nou lid van Bethal se gemeente. Arnoud, ons gaan jou mis. Nou mag jy jou kragte by Bethal se gemeente ingooi en jou werk daar verrig. Ons hoop egter om nog steeds weer van jou te hoor. In dieselfde asem kan ons Bea Bruintjes welkom heet. Sy het ‘n ruk lank kom vakansie hou en ‘n voeltjie het my in die oor gefluister dat sy onderwys studeer en ‘n bietjie wil kom kyk hoe ons die ding doen.
Dit is goed om jou weer te sien. Ons hoop dat jy jou tydjie hier baie sal geniet en baie welkom mag voel.

Wel, dit was nou ‘n hele mondvol. Ek kan wel nog se dat die Olielamp hoop om tien keer hierdie jaar sy verskyning te maak. Ons wil ook al die jeug aanmoedig om ‘n artikel te skryf oor ‘n onderwerp wat vir hom/haar belangrik of interessant is. So kan ons steeds weer bou aan die koninkryk van God.

Nou ja, tot ‘n volgende keer.
Voetspoor.

GROENTJIES VS VETERANE

Daar is ‘n meningsopname gemaak om uit te vind wat die jeug van die kongres gedink het. Daar is ‘n paar vrae aan die groentjies gestel en so ook aan ‘n paar van ons veterane.

Die vrae aan die groentjies:
Wie /Wat van die kongres het die meeste indruk op jou gemaak?
Die groentjies was almal baie beindruk met die werkswinkels.
Jolandi: Almal het ‘n goeie indruk op my gemaak deur die manier om mekaar so vinnig te aanvaar.
Naomi: Die kampouers.
Marjan: Ontgroening was ‘n treffer.

Wat was die snaaksste oomblik vir jou gewees?
Jolandi: Ontgroening
Marjan: Nicolene se reaksie op ‘n lekker groot sprinkaan. En Willemien wat, half deur die slaap, my haar tandepasta i.p.v. “conditioner” aangebied het (miskien het sy teruggedink aan die ontgroening?).

Het jy enige negatiewe dinge ervaar?
Jolandi: Nee, nie eintlik nie, behalwe nou vir die weerlig en reen, maar die reen het sy positiewe punte ook gehad.
Naomi: Die skottelgoed was te veel. Die kleure van die slaapkamers was afskuwelik.
Marjan: Slegs my nat klere wat begin stink het (lank lewe spuitgoed!), nie dat ek dit weer aangetrek het nie.

Met watter rede het jy kongres toe gekom?
Die groentjies het kongres toe gekom met die doel om God en sy woord te leer ken en om op sosiale vlak te verkeer.
Jolandi: Dit was verbasend hoe sleg ek almal geken het en hoe ek hulle nou ken.

Som die kongres op in 3 woorde:
Jolandi: Leersaam, gesellig, lekker.
Naomi: Kongres was “fabulous”.
Marjan: Geweldig, “fabulous”, onvergeetlik.

Die veterane se vrae:
Wat sien jy as die doel van die kongres?
‘n Algemene doel wat na vore gekom het is dat die jeug se geloof versterk kan word deur middel van die gemeenskap van die heiliges.
Arnoud: Om die jeug te laat besef dat almal landswyd stry vir die kerk van Christus.
Annemarie: Om bande tussen die gemeentes te versterk.
Hilde: So kan ons as kinders van God sosiaal met mekaar verkeer.

Wat was vir jou die hoogtepunt van die kongres?
Arnoud: Dat daar aanvaarding by al die jeug op die kongres was aangaande die afwesigheid van drank.
‘n Spesifieke hoogtepunt: Die werkswinkel van Inge de Visser oor *Met wie sal ek trou*.
Annemarie: Die goeie gees wat onder die jeug geheers het, al het dit so baie gereen. Die werkswinkels was uitstekend en baie aktueel.
Hilde: Daar was baie hoogtepunte. Die goeie werkswinkels en die lekker kuier. Ook die goeie gesindheid onder mekaar.

Wat was die laagtepunt?
Arnoud: Toe die gerug versprei dat daar vergryping aan die wyn was.
Hilde: Die laaste dag toe ons moes oppak en weggaan.

Het jy enige voorstelle sodat die kongres volgende keer nog beter kan wees?
Arnoud: Beter verspreiding van werkswinkeltye om optimale aandag te verseker by die onderwerp. Meer beplanning in geval die oorspronklike beplanning en die rooster in die water val (of dalk natreen?).
Annemarie: Onderwerpe van die konges moet prakties bly. Dalk geen drank op kongres.
Hilde: Om moontlik drank selfs by die kersete te sny of heeltemal te los.

Sal jy jeug aanbeveel (veral die wat nog nooit by ‘n kongres was nie) om die kongres by te woon?
Arnoud: Ja, jeug kan vrylik en veilig en openlik met mekaar omgaan en dis beslis iets wat ‘n mens kan geniet.
Annemarie: Baie beslis. Kongres is ‘n noodsaaklikheid vir elke jeuglid om homself te leer ken en om te leer om die Woord van God in die daaglikse lewe toe te pas.

Die afleiding kan gemaak word dat jonk en oud die kongres geniet het. Almal het op geestelike vlak antwoorde gekry en is geestelik verreik. Op sosiale vlak is daar nuwe vriendskappe gevorm. Daar is nuwe moed gegee vir die jaar wat voorle en dit lyk wel asof die meeste ook by die volgende kongres sal wees. Ons wil al die jeug (veral die nuwes) aanraai om die volgende kongres by te woon sodat ons saam mag bou aan God se koninkryk. Nogmaals dankie aan die JS van Pretoria vir die puik kongres wat julle gereel het.

SIEN DIE WÊRELD NUUT, TELKENS WEER!

Dirk Boon

Die 26e November 1999 was beslis een van die hoogtepunte van die ou millenium. Dis toe dat ‘n klomp studente bymekaar gekom het (ongeveer 32 van hulle) êrens in die Magaliesberg om oornuut na die wêreld te kyk, vanuit ‘n geloofsoogpunt. Dit was die afsluitingsvergadering van die Studente Vereniging (SV) wat verskillende kleure aangeneem het: Ons het begin met ‘n lekker braai. Dit was al vakansie gewees – dan is almal lus vir braai en lekker eet. Arnoud het die ete en die aand begin met skriflesing en gebed.

So teen 18h30 het oom Gerard Hagg opgedaag. Hy was die fasiliteerder vir ‘n werkswinkel wat na die braai gevolg het. Daar het ons die idees in ons breine bestorm (brain stroming), hulle vasgevat en neergeskryf – alles in verband met die funksionering van die SV in die jaar 2000. Hierdie inligting sal deur die bestuur 2000 gebruik word om die SV nog beter te laat funksioneer in die opbou van die geloof van elke student in sy studies.

Die volgende vrae en punte was van belang:

1. *Wat was vir jou as student die waarde van die vorige vergaderings van die SV?*

- Het meer insig in sekere dinge gekry / het my oë vir sekere dinge oopgemaak
- Het agtergekom dat die Bybel ‘n baie belangrike deel is van my studies
- Begrip van wat goeie kritiese beoordeling van aspekte in studies is
- Goeie geestelike verryking
- Het geleer om te dink
- Baie leersaam gewees
- Leer sien watter filosofiese denkrigtings daar skuil agter studiemateriaal

2. *Waar sou ons kon verbeter as SV in die geheel?*

- Verskaf goeie voorstudiemateriaal (betyds), sodat almal vooraf weet wat bespreek gaan word. Stuur ‘website’ adresse na mekaar, asook interessante artikels wat sekere onderwerpe aanspreek (miskien is dit ‘n goeie ding om so gou as moontlik te begin met die ‘distribution list’ op e-mail vir Gereformeerde studente(?)).
- Probeer meer aktiewe deelname van die studente te kry op vergaderings. Wek belangstelling in die onderwerp en doen baie groepswerk en ‘workshops’.
- Kry onderwerpe wat vir alle vakgebiede relevant is. Of kry onderwerpe in elke vakgebied sodat almal se vakgebied ‘n keer ter sprake kom.
- Gebruik kreatiewe maniere om die praatjies en lesings interessant te maak. Gebruik video’s, ‘powerpoint presentations’, toneel, gaan besoek interessante plekke, ens ens.
- Kweek ‘n behoefte aan by studente om iets nuuts te wil leer (‘inquisitive minds’).
- Maak die onderwerpe baie aktueel.
- Ontwikkel die visie van elke student.

3. *Watter punt uit 10 sou jy toeken aan die sukses van die vorige twee SV vergaderings?*

Die gemiddelde puntetelling was 7.36. Nie te sleg nie, maar nog ver van 9.999 (!).

4. *Identifiseer DIE uitdaging in jou vakgebied vir die volgende millenium:*

- **BA**
  Verspreiding van inligting, Rassisme, Identiteit van mense en groepe; Hoe om die mens te verstaan; Omgewingsbestuur
- **Ingenieurswese**
  Tegnologiese ontwikkeling; Ruimtevaart (bewoning van Mars); Rekenaargebruik; Supersoniese vlugte vir passasiers; Kunsmatige Intelligensie (Artificial Intelligence)
- **B Com**
  Kontantvloeibeheer; Strategiese denke; Bring Suid-Afrika in lyn met internasionale standaarde; Voorkoming van belastingbedrog; Voedselverskaffing aan mense onder die broodlyn; 'Black Empowerment’
- **B Cur / medies / paramedies**
  Pasiëntsorg vanuit personeel se hart; Pasiënt-georiënteerde sorg; Behandeling van onbehandelbare siektes; Immunisasie van kinders; Alternatiewe geneeskunde; Uitbreiding van plattelandse klinieke; Genetiese manipulasie; Kloning
- **Bestuurswetenskappe**
  Opleiding in voedselgebruik vir ongeletterdes;
- **Onderwys**
  Kurrikulum 2005; Oorbrugging van ongelykheid in Suid-Afrika
- **Teologie**
  Klemverskuiwing van mensgeoriënteerde Godsvisie na ‘n Godsgeoriënteerde Godsvisie; Kerkeenheid; Evangelisasie in Suid-Afrika; Bewapening as gelowiges

5. *Identifiseer DIE uitdagings vir ons samelewing in*

Suid-Afrika vir die volgende millenium:

- Werkloosheid
- Kriminaliteit
- Gaping tussen arm en ryk
- Siektes (bv. VIGS)
- Behuising
- Onverdraagsaamheid
- Studente vereniging
- Verspreiding van die Evangelie
- Weeskinders
- Opleiding en opvoeding

Na hierdie 'dink'sessie het almal lekker koffie en koek geëet. Daar het weereens koek oorgebly…. Miskien vergroot die eetlus van die studente in die volgende millenium.
Hierna het Jan van Houwelingen 'n kort inleiding gegee op die film Patch Adams sodat almal so bietjie weet waarna om te kyk in die film.

Daarna het ons, soms in die gietende reen met bliksem en donderweer (gelukkig was daar 'n lekker groot afdak….tog wel lekker gesellig) die film gekyk. Die film gaan in kort oor Patch Adams wat vir 'n dokter begin studeer. Hy stem egter nie in alles saam met die tradisionele manier van geneeskunde nie. Hy beweer dat in plaas van om net die siekte van die pasiënte te behandel, die totale mens behandel moet word. Hierdie, asook 'n paar ander, is 'n aspek wat al hoe meer in ons samelewing vandag raakgesien kan word. Aan die hand van die film was dit dus die doel om sekere denkrigtings in die samelewing te identifiseer en te kyk hoe ons as Gereformeerde studente daarna moet kyk.

Na 'n kort pouse het ons die film bespreek. Oor die algemeen is aangevoer dat die film baie interessant was om te sien. Daar is 'n uitkyk op die lewe waar ons in vandag se tye wel iets van kan leer: Hoe om regtig in mense belang te stel en hoe om hulle NIE soos masjiene te behandel nie. Tog was dit baie duidelik dat die film baie sterk in die humanisme gegrond is. Alhoewel God in die film ter sprake kom (op 'n nogal kontroversiële manier) is die verhouding tussen mense slegs horisontaal van aard. Dit beteken – in die verhouding tussen mense speel God nie eintlik 'n rol nie. Ons glo egter in die eerste en groot gebod waar God sentraal staan, en dus ook menseverhoudings positief beïnvloed: "Jy moet die Here jou God liefhê met alles wat jy is en het, en jou naaste soos jouself."

Na hierdie bespreking is die verkiesing van die nuwe bestuur gehou. 9 studente is genomineer en hiervan is vyf gekies om in die bestuur van die SV te dien vir die jaar 2000. Hulle is:
Henriette Ros (rosie onder die dorings), Jan van Houwelingen, Herman de Jager, Johannes de Vries en Dirk Boon. Dit is jammer dat Arnoud ons verlaat, maar tog wil ons hom bedank vir sy puik insette en soms uitstekende argumente wat ons almal aan die dink gesit het. Ons hoop dat die nuwe bestuur hierdie werk suksesvol mag verrig, en dat die Here die SV mag seën sodat ons as sy kinders op sy aarde mag besig wees in sy Koninkryk.

Teen hierdie tyd was almal lekker moeg gedink en gekyk en geluister. Maar nog was het de einde niet… 'n Lekker groot 'bonfire' is aangesteek (dit het intussen opgehou met reen) terwyl die klompie musikales onder ons hulle kitare (of was dit nou een kitaar?) uitgehaal het. Min dinge is so lekker as om lekker om die vuur te kan sit en sing.

Ons wil namens die SV almal bedank wat hierdie aand moontlik gemaak het. Dankie vir almal wat gekom het – sonder die studente is so iets nie moontlik nie. Ook 'n spesiale woord van dank aan oom Gerard wat ons met die 'workshop' uitgehelp het. Ons kon agterkom dat hy al baie jare se ervaring in hierdie opsig het. Ook 'n groot woord van dank aan Herman (en Francoise), Arnoud, Henriette en Jan wat regtig alles ingesit het om die aand mooi te laat verloop. En laastens en die meeste wil ons ook die Here dank vir hierdie geleentheid om weereens in sy Koninkryk werksaam te mog wees. Laat ons ook in ons gebed die werk van die SV aan die Here opdra sodat ons werklik elke keer sterker mag word met meer kennis om Hom van harte te kan dien met alles wat ons is en het.

'N BLIK OP DIE LEWE VAN PETER SINGER

Janet Ros

Snaps uit die *New Scientist*, 8 Januarie 2000.

'Over the years, Singer, a *passionate* believer in euthanasia, has also repeatedly questioned the idea that human life should be sustained at all costs via, for example, life-support systems. But his most shocking argument is that it's not wrong for parents *to kill severely disabled infants*.'

Hy word deur protesteerders die 'Nazi who supports killing the sick and disabled' genoem. Self dink hy dat dit goed is – nou weet die mense van hom en kan hy praat oor dit wat vir hom saak maak. Sy oupa en ander lede van sy familie is oorlede in die Holocaust. Op die vraag wat hy daarvan dink as mense hom 'n Nazi noem, antwoord hy: 'I find the throwing around of the Nazi accusation pretty offensive. It sadly trivialises the enormity of the Nazi crimes. It's just absurd, and I know that I come from a totally different political direction. But do I reflect on the idea that some of the things I've said could lead in a direction that would not be a force for good? Yes, certainly. But I don't think the right answer is to say: "Well, we must not challenge the traditional ethic of the sanctity of human life", even though we can see that it's actually founded on fictions or outmoded views of the world. I think that if you try to cover up the cracks in the ethic, you're more likely to get a major crash in the long run.'

Ander opmerkings wat hy gemaak het:
'… research on a chimp can only be justified when the experiment is so important that the use of a brain-damaged human would be justifiable.' – dit impliseer dat dit OK is om in sekere gevalle brein-beskadigde mense vir eksperimente te gebruik.

'… parents should be allowed to kill a disabled infant or even one with a treatable disease such as haemophilia if it allows them to have a child with a greater chance of happiness … But there will be cases where I think parents in consultation with their doctors should be allowed to kill a child whose prospects for a minimally decent life are very poor. And you're right to say that it's not easy to make those decisions.'



Sy '*moral equations*' neem die skepsel se kapasiteit vir rasionaliteit, empatie en self-bewustheid in ag. '… that makes it worse to kill a normal human being than to kill either a plant or some simpler forms of animal life.'

VERJAARSDAE

Bethal	
Hannes van der Merwe	9-Feb
Welma Wehmeyer	18-Feb
Kaapstad	
Johan Snyman	18-Jan
Erik van Alten	20-Jan
Riana van der Lugt	24-Jan
Hester Douma	4-Feb
Sonja van der Linden	15-Feb
Carien Antonides	28-Feb
Maranata	
Astrid van der Sluis	12-Jan
Anton Sterk	13-Jan
Erik de Vries	14-Jan
Marinus de Jager	18-Jan
Jeanette de Jager	21-Jan
Daniël van der Meulen	29-Jan
Ferdinand Kerkhoff	29-Jan
Wolter Miske	10-Feb
Roelof de Jong	18-Feb
Pretoria	
Jopie van der Linden	2-Jan
Gerjan Hagg	4-Jan
Andreas Boon	6-Jan
Hans de Wit	9-Jan
Marjan Middeljans	15-Jan
Arnoud van den Bout	17-Jan
Marieke Admiraal	17-Jan
Willemien Ros	17-Jan
Arjan van Houwelingen	18-Jan
Francoise Boon	20-Jan
Janet Ros	22-Jan
Theo van der Vinne	24-Jan
Marianne van der Horst	31-Jan
Nicoline Bijker	3-Feb
Arjen Buenk	4-Feb
Andre van der Veen	7-Feb
Wouter Ros	9-Feb
Chris Stolper	10-Feb
Trudie de Jager	11-Feb
Gerrit Smit	17-Feb
Carina van der Horst	23-Feb
Hannes Venter	24-Feb